

## UIT DIE ALBUM VAN 'N BOEREKRYGSGEVANGENE: FRIEDRICH ERNST OTTO MÖRS

### I

Hierdie artikel is soos 'n lied sonder woorde. Die afbeeldings uit die album van F. E. O. Mörs, naamlik *Uit mijn Krygsgevangenskap op Ceylon, 1900-1902*, vertel 'n hele verhaal, al is dit net 'n greep uit die lewe van hierdie Duitser, 'n lojale Transvaler, wie se kinders Afrikaners geword het.<sup>1</sup>

Hierdie kunssinnige immigrant, wat 'n vrye bestaan deur die beoefening van die kuns in verskillende vorme gemaak het, is op 3 September 1864 in Brunswick, Duitsland gebore en is oorlede op 26 Maart 1943 by De Kroon, Brits, in Transvaal. Volgens oorlewering het hy hom in 1893 in Transvaal kom vestig. Op 4 Februarie 1895 het hy 'n genaturaliseerde burger van die Suid-Afrikaanse Republiek geword en op 16 April 1896 is hy deur die Regering aangestel as 'n eersteklas boekbinder in die Pretoriase Staatsdrukkery. Op 31 Augustus 1897 het hy die volle stemreg as burger van die Republiek ontvang.

Hy het 'n besondere voorliefde vir die fotografie gehad en in Mei 1899 stuur hy aan sy moeder in Duitsland 'n album met foto's uit Pretoria. Die omslag is met groot kunssinnigheid uit leer gekerf. Hy was sy aanstelling as boekbinder „eerste klasse” oor en oor werd, te oordeel aan die nagelate albums. Hy het etlike meesterwerke in die boekbindery gelewer, onder andere 'n eksemplaar van die Koninklike wapens vir die Nederlandse koning, 'n huldeblyk aan Van Trotsenburg (*De Volkstem*, 15-5-1897) en 'n Bybelband vir die Gereformeerde Kerk wat op 25 Desember 1897 in Pretoria ingewy is. (*De Volkstem*, 22-12-1897). Verder het hy vir die Suid-Afrikaanse Republiek 'n boek met illustrasies opgestel, *De Marmereerkunst* wat bedoel is as opleiding in die boekbindery van die personeel van die Staatsdrukkery. Ook is deur hom verskeie stoele met leerwerk oorgetrek, en leerwerkkoortreksels vir albums, asook familie-wapens in hierdie materiaal gemaak. Sy uitstekende fotografie, leerkunswerke, tekeninge en skilderye dwing ons bewondering af.

### II

Toe die oorlog in 1899 uitbreek, het F. E. O. Mörs wat die Suid-Afrikaanse Republiek heelhartiglik as nuwe vaderland aanvaar het, hom by die Republikeinse magte aangesluit en vir die behoud van die vryheid teen die Britte te velde getrek. Op 30 Mei 1900 is hy by die Jukskeirivier gevang. 'n Nagelate tekening toon die offisersafdeling van 'n Engelse kamp by de Kromelleboogspruit in die Vrystaat gedurende 4 tot 18 Junie 1900, kort na sy gevangeneeming. Hy is op 14 Augustus 1900 op die skip, die *Ranee*, vanaf Kaapstad na Ceylon gestuur, waar hy op 1 September in Colombo aangekom het, en op 3 September in die Boerekrygsgevangenekamp te Diyatalawa in hut 15 geplaas is. 'n Tekenning uit sy album gee 'n duidelike beeld van die kamp.

<sup>1</sup> Die gegewens en die reg tot reproduksie is verleen deur mnr. F. W. A. Mörs van Pretoria, 'n seun van die krygsgevangene in wie se besit die album is. Naas hierdie een besit mnr. Mörs ook etlike ander wat fotobeelde van Pretoria in die ou dae bevat. Foto's mnr. J. L. P. Wolmarans.



*Ragama-Geld met foto van F. E. O. Mörs tydens krygsgevangeneskap*

Voordat op die kampelewe soos dit in die album uitgebeeld is, ingegaan word, eers 'n paar verdere feite oor sy lewe. Hy het verlov van die kampowerheid ontvang om van 10 Oktober tot 10 November 1900 teen betaling van een rupee per maand 'n boekwinkeltjie vir die verkoop van skryfgereedskap te onderhou. Hy is van 1 tot 31 Oktober 1902 op parool uitgelaat om Colombo te besoek. Tydens die Britse koninklike besoek aan Ceylon het hy 'n prag-album vervaardig en dié is as *souvenir* die Prins aangebied. 'n Verslag hieroor verskyn in *The Ceylon Standard* van 1 November 1902. Mörs het blykbaar 'n tydelike betrekking in die staatsdrukkery in Colombo aanvaar. Op 14 Oktober 1902 is as voorwaarde vir sy vrylating gestel dat hy slegs tydelik na Pretoria sal terugkeer „with a view to settle his affairs there before taking up permanent residence in Ceylon”.



Op 17 November 1902 was hy in die Umbilo-kamp in Durban en het 'n spoorweg-permit na Irene by Pretoria ontvang. Sy sogenaamde tydelike besoek aan Suid-Afrika was blykbaar net 'n plan om na sy vaderland terug te keer, want eenmal terug, het hy vir goed hier gebly. Hy het eers in Pretoria gewoon en hom toe vir die laaste dertig jaar van sy lewe op De Kroon in die Britsdistrik gevestig. Hy was 'n vrygesel tot op sy 59ste jaar toe hy met 'n Duitse dame, H. E. E. Danszfuss, in die huwelik getree het. Daaruit is twee kinders gebore, Lieschen en Fritz, beide nog in lewe en in Pretoria woonagtig.

F. E. O. Mörs het 'n bestaan gemaak uit sy kuns. Hy was 'n sakeman insoverre hy 'n kunswinkel gehad het, en aan die internasionale voëlhandel deelgeneem het. As diereliefhebber het hy bokke en voëls vir die Pretoriase Museum opgestop en ook uitheemse voëls vir die Pretoriase dieretuin geteel. Daarby was hy 'n uitstekende voëltekenaar en het 'n wye vriendekring gehad onder Afrikaners, en wel bekend by museum- en dieretuindeskundiges, voëlkenners en kunstenaars op verskeie gebiede. Hy het kontakte met dieretuine oor die hele wêreld gehad.

As mens was hy opgeruimd en humoristies. Hy was sy hele lewe lank 'n bewonderaar van die jong Boerevolk en het volkome in sy mense opgegaan. Met die ervaring van die Vryheidsoorlog agter hom, het hy sy kinders in 'n Afrikaanse skool geplaas en by hulle nasietrots en kultuurbewustheid ingeskerp.


### III

Ons keer nou terug na sy lewe as krygsgevangene op Ceylon. Beskrywings oor die kampelewe kon ons nie van sy hand terugvind nie, maar sy album wat gevul is met tekeninge en foto's, gee 'n duidelike beeld van die lewe onder die krygsgevangenes. En die foto's is op besonder



*Uit mijn krijgsgevangenschap*

kunstige wyse in die album aangebring. Rondom so 'n groep foto's op 'n bladsy is 'n omlysting gemaak, gewoonlik met motiewe uit die insekte-, plante- en dierewêreld van Ceylon. Die slang met 'n kroon op simboliseer die Britse Ryk. 'n Volledige stel seëls van Ceylon tydens sy krygsgevangenskap, 'n stel Ragama-papiergeld vir krygsgevangenes, 'n program uit die Ragamakamp vir 1 Februarie 1902 vir die „De gedwongen Dokter” van Molière, met musiek van Rossini, Meyerbeer, Leoncavallo, kom ook daarin voor.



Mörs was 'n uitstekende spotprenttekenaar en sy bytende sarkasme op Buller, Roberts, Chamberlain en die Britse Tommies spreek daaruit. Verder is daar etlike parodieë soos onder andere die *Earl König*. Interessant is sy skilderye soos drie „Boeren in Diyatalawa, 1901”, wat sit en kos gaarmaak. Heelwat krygsgevangenes het skilderye en tekeninge in die album gemaak, onder andere Bertholet, 'n Fransman, wat twee ruiters uitgebeeld het, en „Meisie” deur J. van Straaten, 'n Boerseun. Daar is ook 'n foto van 'n groep Boere-offisiere wat in sy kamp krygsgevangenes was. Ongelukkig verskyn daar geen name nie.

Die album begin met die volgende woorde van Melt J. Brink wat die geestegesteldheid van Mörs — en sy medekrygsgevangenes goed weer-spieël:

„Geen onrust treff'ons hart, een Vader blijft er zorgen,  
Die enkel liefde is, en die zijn Kinderen wis  
Geen lijden zenden zal, als 't hun niet nuttig is  
Vertrouwend dus op Hem, dit 't zeker wèl zal maken,  
Zien wij gerust en blij de Vrijheid toe genaken,  
Een treen gemoedigd voort, met deze beë in het hart:  
Heer! schenk ons Kracht ten strijd, al zij de nacht ook zwart.”

Oor president M. T. Steyn het Mörs die volgende geskryf:

„Zijn naam is Steijn  
Zijn volk maar Klein  
Doch de geschiedenis zal het melden  
Dat hij ook telt tot onze helden.”

'n Gedig van J. Harmsen „Een Held in den Dood” is op 18 Februarie 1901 in die album aangebring.

„Te Pretoria in gevangenstaat  
Zit een Transvaalsch vrijheidsheld  
Dat hij daar zit door snood verraad,  
Is 't meeste, dat hem knelt.  
Niemand reikt hem de vriendenhand,  
Den man met wliskracht als van staal.  
Hij denkt aan zijn nieuw vaderland  
Aan de republiek Transvaal.

Hij wordt voor die rechters nu gebracht  
Beschuldigd van hoogverraad  
Doch England heeft dat slechts gedacht  
Voor ons was 't eene heldendaad.  
Daar staat hij nu in 't rechtgebouw  
En helder klonk door de zaal:  
„Ik bleef slechts het land getrouw  
De Republiek Transvaal’.

Maar de uitspraak was in 't beste:  
„Hij sterve door het lood’.  
En in Pretoria's veste,  
Vond hij den heldendood.  
Hoe edel was zijn streven  
Hoe treurig was zijn waal  
Ver van huis liet hij zijn leven  
Voor de vrijheid van Transvaal.

Maar Gordua rust in vrede,  
Gij wildet een heldendaad,  
En zij u dat tot bede  
Gewroken wordt dat snood verraad.  
Hij moest voor uw daden sneven  
T' was de macht, die het gebood.  
Doch gij waart een held in 't leven  
Een held tot in den dood.”

'n Mens sou vele van die parodieë wat in die album verskyn, wou opneem, maar die ruimte ontbreek. 'n Stuk van O. Lewino is getitel:

*Der Earl König*

„Wer reitet so spät durch Nacht und Wind?  
Es ist Lord Roberts mit seinem Kind!  
Er hält die Tochter wohl in den Arm,  
Er hält sie sicher er hält sie warm.

Mein Kind was birgst du so bang Dein Gesicht?  
 Siehst Vater Du den *de Wet* denn nicht?  
 De Wet mit dem grossen Boerenhauf,  
 Der hält die englische Mail uns auf.  
 Mein Kind thu' dich nicht ängsten und bangen  
 De Wet werd ich mit Versprechen fangen.  
 Willst lieber *de Wet* nicht mit mir gehn?  
 Mein Tochter soll Dich warten schön!  
 Ich will Dich beschenken mit güldnen Lohn.  
 Nur leg' die Waffen nieder mein Sohn.  
 Doch als *de Wet* nicht im Guten will hören;  
 Thut er sich wütend gegen ihm Kehren.  
 Mit furchtbarer Truppenmacht  
 Hätt er ihn beinah gefangen gemacht,  
 Doch *de Wet* ist so furchtbar frech,  
 Nimmt ihm einen Zug nach dem ander Weg.  
 Da graust Lord Robberts er reiset geschwind  
 Erreicht London mit seinem Kind.  
 Er wird empfangen mit grossen Eklat;  
 Doch *de Wet* spukt weiter in Afrika."

'n Treffende stuk is getitel *Spionkop* — en getoonset „frei nach Scheffel“. Dit is geïllustreer met tipiese Mörs-spotprente.

'n Mens wil die hoop uitspreek dat hierdie album wat 'n ware kunswerk is tot die geestesbesit van die Republiek bewaar sal bly.

Prof. F. A. van Jaarsveld.